

Wat sê jy? Stuur 'n SMS na 32515

SMS'e kos R1. Netwerk24-kommentaar ook gebruik.

SMS'e met die naam en plek van die skrywer kry voorkeur. Onthou om die woord Beeld vooraan jou boodskap te skryf.

▶ Suid-Afrika is inderdaad 'n unieke land. Deur die jare het goeie leierskap en gebed die wa baie keer deur die drif getrek. Vandag sal dit weer gebeur met die virus. Ons is bevoorreg om iemand van die kaliber van prof. Salim Abdool Karim te hê wat die president en sy kabinet kan adviseer. – **Johan uit Johannesburg**



Prof. Karim

▶ Boere, ek salueer julle! Eers word jul lewe bedreig en moet julle aan die agterspeen suig as dit by noodfondse kom. Maar julle hou ons in 'n nagmerrietyd aan die lewe en ons winkelrakke vol. Dankie, dankie. – **Sonia, Alberton**

▶ Voordat ek geld skenk aan die regering se Solidariteitsfonds, wil ek weet of dit vir almal aangewend gaan word, ongeag kleur, en of dit deur 'n nieregeringsorganisasie geoudit gaan word. Intussen help ek behoeftige mense van alle rasse in my omgewing. – **Kobus, Middelburg**

▶ Boodskappe word aangestuur dat huurders nie huur hoef te betaal nie. Wat van die verhuurder wat ook nie 'n inkomste het weens Covid-19 nie? Enige regsraad, asseblief? – **Alet, Middelburg**

▶ Die regering behoort die verkoop van sigarette te wettig – tans is die toeloop van mense na plekke waar onwettige sigarette verkoop word en waar die virus moontlik krioel, iets afgrysligs. Dit sal tot voordeel van sowel die staat (belasting) as die publiek (gesondheid) strek.

– **Koos F.C. Steers, Pretoria**

▶ Tradisioneel strek 'n skooljaar oor 32 weke. Daarvan het ons vanjaar slegs nege weke afgewerk. Dit is gekkigheid om van kinders te verwag om 'n ononderbroke skoolkwartaal, wat oor 23 weke gaan strek, emosioneel (in ag genome die druk) te oorleef. – **Deon Bekker, Alberton**

▶ Met die verbetering en verfyning van die regering se inperkingsplan behoort die DA se slimmodel en Solidariteit se kode vir goeie praktyk ernstige aandag te kry. – **Hans Retief, Pretoria**

▶ Nicholas die Rottweiler se bek lag weer. Hy het my laat verlang na ons drie rotties, wat oor 'n tyd van 35 jaar help kinders grootmaak het. Dit bly my gunstelinghonderas. – **Piet van Fochville**



Nicholas

▶ Afgesien van die virus, is daar wreedheid teenoor diere. My hart was so seer toe ek lees van Nicholas, wat met 'n stuk karton om sy nek aan 'n boom vasgebind is om maar net dood te gaan. – **Bets, Klerksdorp**

▶ Suid-Afrikaners kan nie wen nie. Die petrolprys daal met R2 per liter, maar as jy ry, loop jy die risiko om gearresteer te word! – **Leon, Pretoria**